# Salomo se mooiste lied: KONFLIK IN DIE HUWELIK (DEEL 4)

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Wanneer jy oor konflik dink, hoe hanteer jy konflik?

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

### 1. Hoekom bestaan konflik in die Huwelik?

Konflik bestaan wanneer daar:

- 'n verskil is
- Daar 'n misverstand is
- Wanneer ons selfsugtig is

**Bestuur die volgende konflik situasie:**

**Hooglied 5:2-6**

"Ek het geslaap maar my hart het wakker gebly. Toe hoor ek die man wat ek liefhet, klop en hy sê: 'Maak vir my oop, my beminde bruid, my duif, my volmaakte! My kop is nat van die dou, my hare is nat van die nag se klammigheid!'6Ek maak oop vir die man wat ek liefhet, maar die man wat ek liefhet, het omgedraai en is weg! Ek was so opgewonde toe hy gepraat het! Ek soek hom maar kry hom nie, ek roep hom maar hy antwoord nie.

**In watter manier vereenselwig jy met hierdie konflik situasie en op watter manier sou jy dit anders hanteer het?**

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

**Indien jy na jou eie konflik situasie en jou verhoudings/Huwelik kyk, wat is die hoofrede vir jou konflik?**

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________________

## 2. Die oplossing vir konflik in die Huwelik

Bestudeer die volgende gedeeltes en bespreek in jou oortuiging wat die oplossing is vir konflik: **Hooglied 5:8-16**

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

**Wanneer jy die gedeelte bestudeer beleef ons dat daar verandering binne ons moet gebeur sodat ons by 'n gesonde plek in konflik kan kom. Bestuur hoe die volgende 3 verandering ons kan help om konflik beter te hanteer:**

- In plaas van Ek wil hê — Ek wil gee
- In plaas van Passief wees — Gaan ek Aktief wees
- In plaas van afbreek en afsonder — Op bou, en onthou wat ek voor lief is

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________________________

**Hoe maak ons vrede?**

- Begin by die Here - **Efesiërs 5:21 ; 1 Korintiërs 10:31**
- Verwyder jou trots en erken jy het ook foute - **Matteus 7:3-5**
- Benader konflik met Sagmoedigheid - **Galasiërs 6:1**

- Versoen met mekaar - **Matteus 5:21-24**

### 3. 'Konflik' tussen jou en God

**Konflik veroorsaak skeiding tussen mense. Wanneer ons die voorbeeld van Jesus volg toe hy die skeiding tussen ons en Hom verwyder het, stel dit ons instaat om weer by versoening uit te kom.**

**Bestudeer die volgende gedeeltes en bespreek wat Jesus gedoen het en wat ek en jy kan doen sodat konflik 'n gesonde plek ook in ons verhoudings kan hê.**

**Jesaja 59:2 ; Efesiërs 2:12 ; Hooglied 5:2 ; Openbaring 3:20 ; Hooglied 5:6 ; Openbaring 2:1-5**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**